AFDELING E

SPORTAANGELEENTHEDE

HOOFSTUK XII

SPORT

1. INLEIDING

1.1 'n Onderkomitee bestaande uit die Rektor (Voorsitter), proff. W.N. Coetzee, S.J. Preller (Opnamebeampte), D.P.J. Smith, J.S. van der Merwe, S.P. van der Walt en H. Venter, die Direkteur van Sport en mnr. C.J.H. Schutte (Adjunk-Registrateur) is deur die Sentrale Opnamekomitee aangewys om verslag te doen oor sport aan die P.U. vir C.H.O. en met verloop van tyd is mnr. A.J.v.N. van der Walt (Hoof-Tegniese beampte) gekoöpteer.

1.2 Na verskillende vergaderings, waarop die veld van ondersoek verken is, is besluit om die volgende aspekte van die opname aan die aangeduide komiteelede op te dra :

(1) Die Direkteur van Sport.

Die huidige stand van die verskillende sportsoorte aan die P.U. vir C.H.O.

(2) Prof. H. Venter

Administrasie van Sport aan die P.U. vir C.H.O. :

(a) Beheer :

(i) Die huidige toestand.
(ii) Aanbevelings vir die toekoms.

(b) Organisasie :

(i) Die huidige toestand.
(ii) Aanbevelings vir die toekoms.

(c) Afrigting :

(i) Die huidige toestand.
(ii) Aanbevelings vir die toekoms.

(3) Proff. W.N. Coetzee, D.P.J. Smith, J.S. van der Merwe, S.P. van der Walt en H. Venter en mnre. C.J.H. Schutte en A.J.v.N. van der Walt.

Uitleg en instandhouding van sportterreine :

(a) Die huidige voorsiening :

(i) Opname van bestaande sporttereine.
(ii) Bestaande geriewe wat onmiddellike aandag verg.

(b) Beplanning vir die toekoms :

(i) Voorgestelde plan van sportvelde (sketsplan van hoe sportvelde uiteindelik geplaas sal wees.)
(ii) Uitvoering van bg. plan (aanduiding van prioriteit met skatting van jaar van voorsiening en koste.)

(c) Instandhouding van sportvelde :

(i) Die huidige toestand.
(ii) Aanbevelings vir die toekoms.

(4) Prof. D.P.J. Smith.

Die plek van sport aan die P.U. vir C.H.O. :

(a) Sport as faktor in die vormingsproses.

(b) Die verhouding van studie tot sport tot verenigingslewe.

(5) Proff. W.N. Coetzee en S.J. Preller.

Samevatting van aanbevelings.

1.3 Dr. W.J. Putter van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde het goedgunstiglik meegewerk aan die gedeelte van die verslag waarvoor prof. D.P.J. Smith verantwoordelik is.

1.4 Die verslae oor die verskillende aspekte is op 27 Oktober van die verantwoordelike komiteelede ontvang en deur die Opnamebeampte saamgevat. Op 17 November is die verslag wat volg, deur die Onderkomitee aanvaar.

2. DIE PLEK VAN SPORT EN DIE VERENIGINGSLEWE AAN DIE P.U. VIR C.H.O.

2.1 Die wese van sport

2.1.1 Sport is elke soort oefening of liggaamlike aktiwiteit wat prestasie ten doel het en die idee van stryd insluit teen afstand, tyd, 'n hindernis, 'n teëstander, 'n dier, 'n gevaar of die self.

2.1.2 Die denkbeeld van stryd of inspanning is die norm van sport en omvat die behoefte om beter te presteer as andere of om op eie prestasies te verbeter, om te ewenaar, te oorwen. Die norm moet egter bepaald of voorgeskryf wees indien dit vreugde wil wek, anders lei dit tot vrees en vermyding. Die norm in die lewenstryd en in sport is dieselfde en dit sluit drie elemente in :

(1) uitdaging tot hoër prestasie,
(2) moontlikheid tot oorwinning en
(3) openbare erkenning.

2.1.3 Sport moet 'n uitdaging inhou. Aanvanklik deins die mens wel terug, maar geleidelik ontstaan by elke individu die drang om moeiliker opdragte te bowe te kom, omdat niemand met middelmatigheid tevrede is nie en elkeen ook prestasies soos andere wil behaal. Dit is die eerste bestanddeel van die strydnorm wat egter meer eis as blote fisiese kragsinspanning. Elke vorm van sport daag ook uit tot geestelike meesterskap, is 'n „battle of wits" waarin konsentrasie vereis word en onmiddellike opname van die teëstander se leemtes en voortreflikhede. Daarby kom die tweede element : die moontlikheid tot oorwinning. Die stryd moet dus moeilik wees, maar die moontlikheid om te seëvier moet nie uitgesluit wees nie. Die moontlikheid van welslae moet bereikbaar wees. Derdens moet die prestasie openbare erkenning geniet. Hierdie drie elemente moet in die regte verhouding staan. Indien die eerste, die uitdaging, ontbreek, is die sport 'n bespotting; is

die moontlikheid tot oorwinning buite bereik, trek die indiwidu hom daarvan terug, en ontbreek die openbare erkenning, is die gevoel van tevredenheid geringer.

2.1.4 Die verhouding waarin hierdie elemente in die wedywering voorkom is baie belangrik by die vorming van die mens. Iemand wat welslae op welslae behaal, ontwikkel 'n meerderwaardigheidsgevoel (geswolle hoof), terwyl voortdurende mislukking, omdat die moontlikheid tot oorwinning buite bereik is, 'n minderwaardigheidsgevoel tot gevolg kan hê. In elk geval word die lewensvreugde versteur, en die bydrae van die indiwidu tot die gemeenskap gaan verlore.

2.1.5 Die inagneming van die elemente van sport en van die invloed van verskillende sportsoorte op die mens is 'n gekompliseerde taak. Dit vereis, benewens kennis van die menslike liggaam en sy vermoëns nog groot opvoedkundige takt. Daarom vereis Von Szukovathy in 'n lesing tydens die Olimpiese spele in Berlyn, 1936, dat „ ... die planmatige en bewuste leiding van sport in die hande van liggaamsopvoeders en nie van afrigters nie geplaas word."

2.1.6 Sport dra ook 'n etiese karakter. Die voortdurende strewe na hoër prestasies en die volhardende voorbereiding vereis dat die liggaam onder tug gebring word. Daarom moet sport hoog gewaardeer word en 'n belangrike plek in die opvoeding inneem. Daarin word geleenthede geskep vir onderwerping aan bevele, gehoorsaamheid aan reëls. Dit bevorder soberheid, omdat die sportman hom moet hou aan die beperkings wat sport stel, indien hy wil presteer.

2.2 Die waarde van sport

2.2.1 Daar bestaan 'n feitlik onoorsienbare hoeveelheid navorsing t.o.v. die fisiologiese, sosiale, psigologiese en etiese betekenis van sportdeelname.

2.2.2 Sport wek 'n gevoel van vervulling, bevrediging en vreugde. Dit wek lewenskrag, lewensmoed en orde. Oortreding van die reëls, die orde, word gestraf, en die oortreder bederf die spel. In die spanning van die wedstryd word èn die liggaamlike èn die geestelike krag getoets. Die sportveld bied die geleentheid tot aktiwiteit en reaksie op situasies - 'n middel waardeur opvoeding plaasvind. Die sportleier kry hier die geleentheid om die invloed van die aktiwiteit op die gedragspatroon en die persoonlikheid waar te neem soos op geen ander terrein nie. Die sedelike optrede is dáár besonder aktueel waar emosie en aksie die naaste aan mekaar lê : daar kan sedelike selfbeheer die beste gevorm word; daar, sê Schiller, is die mens die maklikste opvoedbaar, want „er ist nur da ganz Mensch, wo er spielt".

2.2.3 Fourie en ook ander ondersoekers het wetenskaplik aangetoon dat daar 'n hoë positiewe korrelasie bestaan tussen gewenste persoonlikheidstrekke en deelname aan sport; eweneens bestaan daar 'n betekenisvolle verband tussen onaktiwiteit en 'n ongebalanseerde persoonlikheid by seuns.

2.2.4 Sport is nie blote vermaak nie; dit gee bevrediging omdat daar na 'n doel gestrewe word. Sport laat nie iets konkreets na soos 'n kunswerk nie; dit laat egter 'n indruk op die persoonlikheid van die deelnemer. Die pad na welslae is gewoonlik moeilik, maar die vrug van die arbeid is 'n blywend aangename herinnering. Die grootste teëstander in die wedstryd word dikwels daarna die beste vriend.

2.2.5 Korter werksure word toenemend ge-eis en verkry. Die groot massa verheug hulle daaroor sonder dat hulle voorbereid is om die langer vrye tyd nuttig te gebruik. Die besteding van die vrye tyd is nie net vir die individu van belang nie maar ook vir die samelewing, soos Burns tereg beweer : „Civilization may depend for its roots upon the way in which work is done; but it depends for its finest flower upon the use of leisure". Alhoewel sport nie so eng gesien mag word as slegs nuttig vir die gebruik van vrye tyd nie, is dit 'n uitnemende middel daartoe. Die besteding van vrye tyd word ook ontspanning of rekreasie genoem. Rekreëer is eintlik herskep, nuut maak, verfris. Ontspanning word slegs werklikheid wanneer die handeling en die denke afgelei word van die taak of die omstandigheid wat tot bewuste of onbewuste spanninge aanleiding gegee het. Gepaard gaande met die bewuste of onbewuste spanninge is daar ook sekere fisiologiese veranderinge wat, indien dit nie in gewenste rigtings gekanaliseer kan word nie, nadelig vir die gesondheid van die mens is.

2.2.6 Die oorlading van die individu deur professionele en sosiale verpligtinge verg deeglike voorsiening vir ontspanning, en deelname aan sport is hiertoe uitnemend geskik.

2.2.7 Sport is 'n uitnemende propagandamiddel. Die kommunistiese lande, met Rusland vooraan, bestee enorme bedrae geld aan sport vir die volk, omdat die hoë prestasies die volk hoë aansien gee en politieke munt daaruit geslaan word. 'n Land en ook 'n universiteit moet in gedagte hou dat sy sportmanne ambassadeurs is wat veel aan die bekendstelling daarvan kan doen. Dit is reeds spreekwoordelik dat 'n volk se beskawing ook aan sy sport geken word. Ook 'n universiteit se sport en sportfasiliteite het 'n onberekenbare aantrekkingskrag en advertensiewaarde.

2.2.8 Die waarde van sport hang egter ook saam met die onmiddelike doel van die universiteit, naamlik akademiese vorming : die toerusting met kennis, metodes, houdings en vaardighede. Wat nie algemeen bekend is nie, is dat liggaamlike aktiwiteit 'n besondere bydrae ter verwesenliking van genoemde doelstelling kan lewer. Wetenskaplike ondersoek dui daarop dat liggaamlike aktiwiteit van matige intensiteit die intellektuele prestasie van 70% van die middelbare skoolleerlinge gunstig beïnvloed. Slegs 10% van die leerlinge se prestasie daal na liggaamlike aktiwiteite.

2.2.9 Wanneer die liggaamlike aktiwiteit oor 'n lang periode beoefen word, onder die leiding van 'n bekwame persoon, is die invloed selfs nog gunstiger, soos uit die eksperiment van Vanvés blyk. Aangesien hierdie eksperiment insiggewend is, sal dit hier net kortliks beskryf word.

2.2.10 Dr. Fourestier, die proefnemer, neem Gambetta, 'n swak skool in 'n arm voorstad van Parys, as proefskool en 'n goeie skool uit Parys as kontroleskool. Die tydsindeling by die skole voor die aanvang van die eksperiment was naamlik só dat 27 uur per week aan intellektuele onderwys bestee is, 1 uur aan gimnastiek en 6 uur aan skoolpouses. Die persentasie leerlinge wat by die twee skole die publieke eksamen kon slaag, was soos volg oor 'n tydperk van 6 jaar :

Gambetta : Slaagpersentasie 75.6%

Kontroleskool : Slaagpersentasie 86%

2.2.11 Die lesindeling by die proefskool word toe sodanig gewysig dat 20½ uur per week aan intellektuele werk bestee word, 12 uur per week aan Liggaamlike Opvoeding, 1½ uur per week aan ontspanning en 4 uur per week aan pouses.

2.2.12 Hierdie eksperiment is oor 'n tydperk van 4 jaar toegepas. Afgesien van die fisieke ontwikkeling wat die leerlinge ondergaan het en waarin die leerlinge van die proefskool die leerlinge van die kontroleskool oortref het, het die algemene gesindheid van die leerlinge van die proefskool 'n groot verbetering getoon. Die uitslae in die publieke eksamen oor die tydperk van 4 jaar het gemiddeld soos volg daar uitgesien :

Gemiddelde slaagsyfer by proefskool : 90%

Gemiddelde slaagsyfer by kontroleskool : 86%

2.2.13 Die bogenoemde resultate behoef geen verdere betoog nie.

2.3 <u>Die plek van sport aan die P.U. vir C.H.O.</u>

2.3.1 Die plek wat sport aan die P.U. moet inneem, hang ten nouste saam met die einddoel van hierdie Universiteit, naamlik die ewewigtige vorming van mense Gods, en die opdrag dat sport as faktor in die vorming van die student behandel moet word, dui op 'n breë siening wat by 'n Christelike universiteit pas.

2.3.2 Vir ons is die mens 'n eenheid wat nie verdeel mag word nie „... dit is nie 'n siel, dit is nie 'n liggaam wat ons opvoed nie maar 'n mens, en ons mag dié nie in twee verdeel nie" (Montaigne). Daarom verwelkom ons ook „... the change of emphasis in the purpose of education from that of intellect as the all important factor in a child's life to that of a wholesome healthful moral personality" (F. Lloyd in Character Education through Physical Education).

2.3.3 Ons aanvaar dat die mens God moet dien en vereer in alle verbande waarin hy geplaas is, en met al die gawes wat hy ontvang het - ook in sy sport -, en daarom moet sport ook, naas die akademiese en sosiale bedrywighede, beoefen word tot eer van en dankbaarheid teenoor ons Skepper.

2.3.4 As onderdeel van die praktiese Liggaamlike Opvoedkunde moet sport bydra tot die totaalopvoeding, die harmoniese ontwikkeling van alle gawes en kragte wat die

mens van God ontvang het, sodat hy uiteindelik volkome toegerus kan wees tot diensbaarheid.

2.4 Die verenigingslewe

2.4.1 Ook die verenigingslewe het algemene en opvoedkundige waarde.

2.4.2 Die mens is indiwidu maar ook lid van 'n gemeenskap, en hy soek die geselskap en erkenning van sy medemens. Hierdie drang kan in die verenigingslewe bevredig en gerig word op altruïstiese diens tot voordeel van die medemens en tot eer van God. Die verenigingslewe bied talle geleenthede vir die politiese, logiese, psigologiese, sosiale, etiese, estetiese, filosofiese en religieuse vorming van die mens; dit dra by tot die skep van orde in die ryke verskeidenheid van bedrywighede wat so kenmerkend van 'n universiteit is; dit bied geleenthede vir ontwikkeling van talente van leierskap en dit bevorder oordeelkundige besteding van vrye tyd.

2.4.3 Ook hierdie aspek van die studentelewe moet aan 'n Christelike universiteit, waar gestreef word na die gewewigtige vorming van mense Gods, tot sy reg kom. Die mate waarin die P.U. aan hierdie vereiste voldoen blyk uit Hoofstuk XI, paragraaf 3.5 hiervan.

2.5 Die tydsverhouding tussen studie, sport en verenigingslewe

2.5.1 In die behandeling van die probleem van die verhouding tussen studie, deelname aan sport en die verenigingslewe sal hier van die veronderstelling uitgegaan word dat die sport ook met die oog op deelname aan wedstryde beoefen word.

2.5.2 Die voorbereiding vir kompeterende sport verg harde oefening en redelik baie tyd. Clarke, die beroemde Australiese middelafstandatleet, oefen elke dag 3¼ uur. Wêreldberoemde gimnaste, soos bv. Banz, Ono en andere, bestee 'n minimum van 4 uur per dag in die gimnastiekssaal.

2.5.3 Dit is vanselfsprekend dat indiwiduele sportsoorte, waar vaardigheid en stamina van oorwegende belang is, meer voorbereiding as spanspele verg. Daar is ook geen kortpad na fiksheid in sport nie. Vir elke sportsoort moet spesifiek geoefen word, en elke opeenvolgende oefening moet ietwat harder wees as die vorige.

2.5.4 Die standaard van universitêre sport in Suid-Afrika is tans hoog - verskeie studente het al Springbokkleure verwerf, bv. Graham in gimnastiek en Drysdale in tennis, terwyl daar heelparty atlete, swemmers en voetbalspelers is wat tot hierdie lys toegevoeg kan word. Hierdie mense bestee baie tyd aan sport, en vir die deursneestudent is dit tans baie moeilik om met hulle te kompeteer.

2.5.5 Indien die sportman slegs 2 uur per dag sou oefen, beteken dit dat 12 uur per week aan sport bestee moet word. Op die oog af lyk dit na baie tyd, maar in werklikheid neem dit min van die werktyd van die student in beslag. 'n Werkdag bestaan uit 16 uur. Ongeveer 4 uur per dag word vir etes en persoonlike higiëne gebruik. Dit beteken dat die orige 12 uur tussen studie, sport en verenigingslewe verdeel moet word.

2.5.6 Alles in ag genome behoort dit vir elke student moontlik te wees om die geleentheid te vind om 2 uur per dag aan sport te bestee.

2.5.7 Deelname aan die verenigingslewe en sosiale aktiwiteite behoort gedurende die weeksdae nie meer as 1 uur per dag in beslag te neem nie.

2.5.8 Die komitee is daarvan oortuig dat, indien elke student inderdaad 4 tot 5 uur per dag aan selfstandige werk sou wy ., die gehalte van die werk besonder hoog sal wees.

2.5.9 Saterdae kan afgesonder word vir sport en verenigingslewe. Die dagprogram behoort dus sodanig te wees dat die student ongeveer 3 uur kan vind vir deelname aan sport en die verenigingslewe.

3. DIE HUIDIGE STAND VAN DIE VERSKILLENDE SPORTSOORTE AAN DIE P.U. VIR C.H.O.

3.1 Bestaande sportfasiliteite

3.1.1 Die volgende sportsoorte word tans georganiseerd aan die P.U. vir C.H.O. beoefen : rugby, atletiek, sokker, swem, gimnastiek, skerm, tennis, pluimbal, dames- en manshokkie, stoei, korfbal, jukskei, tafeltennis, judo, krieket en karate. Al die sportklubs ressorteer onder die Sentrale Sportbestuur, behalwe karate, wat onafhanklik bestaan.

3.1.2 Dit blyk uit die opname dat die stand van die verskillende sportsoorte tans soos volg is :

3.2 Deelnemers

3.2.1 Die meerderheid van die studente wat aktief aan sport deelneem, is in die koshuise woonagtig. Die verhouding koshuisstudente tot dagstudente wat aan sport deelneem, is 3 tot 1. Die aantal deelnemers aan die verskillende sportsoorte kan baie vermeerder as beter fasiliteite geskep word.

3.3 Kompetisies

3.3.1 Die meeste van die klubs neem deel aan ligawedstryde in Wes-Transvaal, interuniversitêre toernooie en kampioenskappe. Die swem- en krieketklub ondervind baie probleme om aan ligabyeenkomste deel te neem, omdat wedstryde gedurende blok- en eksamentyd en die vakansie afgespeel word. Die krieketklub reël hierdie seisoen net vriendskaplike wedstryde, terwyl die swemklub geen reëlings getref het nie.

3.4 Prestasies

3.4.1 Die judo- en jukskeiklub kan gelukgewens word aangesien dit die enigste twee klubs is wat hulle onderskeie senior kompetisies in Wes-Transvaal gewen het. Die ander klubs het swak gevaar, wat des te meer betekenisvol is daar die standaard van Wes-Transvaal baie laer as dié van ander universiteite is. Die eerste rugby-

span het laaste op die puntelys geëindig, terwyl die O.20-span heel bo uitgekom het. Dit beloof goed vir die toekoms. Die atletiekklub het mooi gepresteer en op die interuniversitêre byeenkoms tweede gekom (een punt agter die wenners). Die gimnastiekklub het 'n paar mooi prestasies gelewer, terwyl die stoeiklub al die vriendskaplike toernooie gewen en op die S.A.U.-toernooi 'n tweede plek in die spankompetisie behaal het.

3.5 Afrigting

3.5.1 Die oorsaak van die swak prestasies van die meeste sportklubs is dat hulle nie oor afrigters beskik nie. Die bydrae van 'n goeie afrigter en bestuurder kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die belangstelling van die personeel is baie min, en daarom moet daar ook van buite afrigters gevind word.

3.6 Velde/Bane/Sale

3.6.1 Die velde is baie verwaarloos en in 'n swak toestand, met die gevolg dat dit die sportprestasies moet beïnvloed. Daar is op die oomblik nie 'n geskikte veld vir die velditems in atletiek nie. Daar is ook te min tennisbane om aan die behoeftes te voldoen. Die klubs vir binnenshuise sport beskik nie oor genoeg sale waarin die sport beoefen kan word nie. Die saaltjie van die stoeiklub is te klein, terwyl die Totius-Gedenksaal nie aan die behoeftes vir stoei, judo en tafeltennis kan voorsien nie. Die ruimte by die gimnastieksaal is ook te min vir beoefening van gimnastiek, pluimbal, karate en skerm.

3.7 Finansies

3.7.1 Feitlik al die klubs kla oor gebrek aan geld om :

(a) die nodige apparaat aan te koop;

(b) vervoerkoste na wedstryde te dek;

(c) aan interuniversitêre toernooie deel te neem;

(d) besoekende spanne op 'n behoorlike wyse te ontvang.

3.7.2 Dit verg van sommige studente geldelik baie om aan sport deel te neem.

3.8 Gees

3.8.1 Gebrek aan fasiliteite het beslis 'n invloed op die goeie gees wat 'n studentesportgemeenskap behoort te hê.

3.9 Oefentye

3.9.1 Die meeste sportklubs beskik nie oor genoeg oefentye nie. Die periode op Maandae vanaf 5 - 6 nm. skyn ondoelmatig te wees omdat dit vir die meeste klubs te kort is om te gebruik. Sommige praktika hou ook te laat op, sodat daardie studente nie die oefeninge kan bywoon nie.

3.10 Algemeen

3.10.1 Baie klubs het groot vervoerprobleme om verpligtinge na te kom, met die gevolg dat sommige belangrike wedstryde maklik afgestel word. Dit skep 'n baie slegte indruk as die opponente in die steek gelaat word.

3.10.2 Die toetsweke in Junie het 'n groot invloed op sport gehad. Die meeste van die bedrywighede het tot stilstand gekom. 'n Meer eweredige verspreiding van die afneem van toetse sal baie daartoe bydra dat sport gedurende die jaar sy normale verloop kan handhaaf.

3.10.3 Die huidige stand van die verskillende sportsoorte is kortliks saamgevat in tabel LXI.[1)]

---

1. Slegs offisiële klublede word aangedui. Daar is heelwat onoffisiële deelnemers, wat slegs af en toe van die fasiliteite gebruik maak.

TABEL LXI

SPORTSOORTE, DEELNEMERS, GERIEWE, AFRIGTING, ens.

	RUGBY	ATLETIEK	SOKKER	SWEM	GIMNASTIEK	SKERM	TENNIS	PLUIMBAL	DAMESHOKKIE	MANSHOKKIE	STOEI	KORFBAL	JUKSKEI	TAFELTENNIS	JUDO	KRIEKET	KARATE
Aantal Deelnemers																	
Mans	75	25	40	15	20	5	50	30		24	18		12	12	14	25	15
Dames		10		10	20	4	40	28	18			18	5	6			
Koshuisstudente	55	30	22	20	31	4		47	15	16	14	15	15	15	10	15	12
Dagstudente	20	5	18	5	9	5		11	3	8	4	3	2	3	4	10	7
Spanne																	
Mans	6		3	1	3	1	3	1		2			3	4	2	2	
Dames				1	3	1	3	1	2			2	1	2			
Kompetisies																	
W.T. Liga	Ja	Ja	Ja	Nee			Ja	Ja	Ja	Ja		Ja	Ja	Ja	Ja	Nee	
Interuniversitêr	Ja	Ja	Ja	Nee	Ja		Ja	Ja	Ja	Nee	Ja	Ja		Ja	Ja	Ja	
Kampioenskappe		Ja		Nee	Ja		Ja	Nee			Ja			Nee	Nee		
Prestasies																	
Senior -	Swak		Gemiddeld				Mans-Goed Dames-Swak										
O.20 -	Goed	Goed		Geen	Goed	Swak		Swak	Goed	Swak	Goed	Redelik	W.T.-liga gewen	Gemiddeld	W.T.-liga gewen	Swak	Gemiddeld
Afrigting	Voldoende	Goed	Onvoldoende	Geen	Goed	Geen	Onvoldoende	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen	Geen
Veld/Bane/Sale	Uiterswak	Velditems onvold.	Goed	Goed	Te min sale	Onvoldoende	Te min bane	Te min sale	Goed	Goed	Te klein	Goed	Goed	Onvoldoende	Onvoldoende	Goed	Goed
Apparaat	-	Gebruik L.O.	-	-	Goed	Onvoldoende	Te min balle	Onvoldoende	-	-	Voldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Swak	Voldoende	Voldoende	Geen
Finansies	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Goed	Goed	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende	Onvoldoende
Gees	Swak	Goed	Baie goed	Goed	Goed	Baie goed	Onbevredigend	Baie goed	Bevredigend	Spangees ontbreek	Goed	Kan verbeter	Goed	Goed	Puik	Goed	Goed

4. DIE ADMINISTRASIE VAN SPORT AAN DIE P.U. VIR C.H.O.

4.1 Beheer

4.1.1 Die huidige toestand

4.1.1.1 Die Raad en Rektor het vanselfsprekend beheer ook oor die sportbedrywighede van die studente, en ook die Senaat het belang daarby. Die owerhede gryp egter in die reël alleen in uiterste omstandighede in in die beheer en beoefening daarvan deur die studente. Streng gesproke het die Raad en, namens die Raad, die Rektor die beheer oor die sporttereine, wat deur die Raad verskaf en onderhou word. Die sportliggame het alleen die voorreg om eerste aanspraak daarop te hê vir eie gebruik - vir oefening of wedstryde - maar nie om aan buitestaanders verlof tot gebruik daarvan te gee of te weier nie.

4.1.1.2 Die Studenteraad oefen ook regstreekse beheer uit oor die sport deurdat dit die finale seggenskap oor die toekenning van geld het en toesig oor die hantering en besteding daarvan kan hou. Origens het die S.R. beheer daaroor deurdat die S.S.B. deur die S.R. erken word en aan hom verslag lewer (Regl. S.R., IV.b) en die patronaat van die S.R. erken (Grondwet S.S.B.,III).

4.1.1.3 Die eintlike beheer oor die sport in sy verskillende afdelings word egter deur die S.S.B. en die besture van die verskillende sportliggame of -klubs uitgeoefen. En nou is dit merkwaardig dat in die Grondwet van die S.S.B. nie melding van beheer is nie.

4.1.1.4 Art. IV.a. van hierdie Grondwet lui :

„Die Bestuur stel hom ten doel die behartiging en bevordering van die belange van sport (ek onderstreep) aan die P.U. vir C.H.O. asook die behartiging en bevordering van die belange van die ..... onderliggame wat onder hierdie Bestuur ressorteer."

Ewe-eens lui art. IV in die grondwet van elke sportklub :

„Die klub stel hom ten doel :

a. om die belange van ... aan die P.U. vir C.H.O. te behartig en te bevorder;

b. om 'n gesonde sportmansgees te ontwikkel."

In die Huishoudelike Reglement van die S.S.B. is daar egter iets van beheer, nl. art. IV :

„Die Sentrale Sportbestuur verleen erkenning aan die onderliggame genoem in art. IV van die Konstitusie, solank as hulle konstitusies en lede die goedkeuring van die Sentrale Sportbestuur wegdra en hulle in besonder :

(i) die grondslag van die Bestuur en (lees: in?) hulle konstitusie ten volle erken,

(ii) jaarliks en halfjaarliks aan die Bestuur verslag doen van al hulle aktiwiteite,

.....

(iv) hulle eie funksies bevredigend vervul."

En uiteindelik staan in die grondwet van elke klub, waarvan art. VI deurgaans feitlik identies is :

"....."

(d) Die bestuur besluit oor n afrigter(s) vir die jaar.

(e) Die bestuur doen aanbevelings by die Erekleurekomitee.....

(f) Die bestuur is verantwoordelik vir die reël van wedstryde.

(g) Die bestuur hou toesig oor die toerusting van die Klub."

4.1.1.5 Hieruit blyk dat die beheer van die sport ten slotte regstreeks deur die verskillende klubbesture uitgeoefen word. Die bestuur het ook (blykens art. X van elke grondwet) die reg om lede by wangedrag te skors. Daar is egter appèlreg tot by die S.R.

4.1.1.6 Sover vasgestel kon word, bestaan die klubbesture van al die klubs, op die Voetbalklub ná, uit studente. In die Voetbalklub dien drie personeellede in die bestuur, t.w. die President, Voorsitter en Ondervoorsitter (terwyl die huidige Sekretaris ook personeellid is.)

4.2 Organisasie

4.2.1 Die huidige toestand

4.2.1.1 Die organisasie van die sport berus volledig in die hande van die klubbesture, behalwe in die geval van sulke geleenthede soos die „intervarsities", wat deur die S.S.B. behartig word. Tog besluit die verskillende klubs oor die aantal spanne, ens.

4.2.1.2 In die meeste van die gevalle word die organisasie van ligawedstryde deur die bond of unie of beherende liggaam van die sportsoort behartig. Die klubbestuur dra egter die verantwoordelikheid dat die verpligtinge nagekom word.

4.2.1.3 Die klubbestuur reël ook die oefening vir die deelnemers van die verskillende klubs en hou toesig daaroor sodat die spelers gereeld oefen en nie sonder rede daarvan wegbly nie.

4.2.1.4 Vriendskaplike wedstryde word deur die bestuur gereël en georganiseer.

4.2.1.5 Die bestuur sorg vir die vervoer waar nodig, en spelers dra gewoonlik n deel van die reiskoste. Ook toere word op hierdie wyse deur bestuur en spelers behartig.

4.2.1.6 Klubs buite die Universiteit wat teen ons spanne wil speel, rig hulle tot die bestuur van die betrokke klub.

4.3 Afrigting

4.3.1 Die huidige toestand

4.3.1.1 Blykens die bogesiteerde art. VI van die grondwet van die sportklubs besluit die bestuur oor die afrigters, en, so wys die praktyk dit uit, die afrigters oor die afrigting.

4.3.1.2 Dit word van jaar tot jaar moeiliker om afrigters vir die verskillende sportsoorte te kry, en dis 'n saak van groot kommer dat daar so min van ons jongere personeellede by die afrigting behulpsaam kan of wil wees. Soms word hulle deur werksomstandighede belet, soms daardeur dat hulle nooit aan sport deelgeneem het nie, soms deur oordrewe akademiese ywer.

4.3.1.3 Namate ons studente onryper en onselfstandiger word - deur watter omstandighede of oorsake ook al - en daar al minder leiers onder hulle is, word die taak van die afrigter al moeiliker. En hierdie taak word deur twee omstandighede nog moeiliker gemaak, nl. gebrek aan genoeg tyd vir oefening deurdat eintlik net op Woensdagmiddag behoorlik geoefen kan word, en die swak toestand van die sportterreine en -toerusting.

4.3.1.4 Dit is 'n erkende feit dat die beoefening van sport 'n hoogs belangrike deel van die universitêre lewe is. Voornemende studente kyk nie net na die akademiese prestasies en moontlikhede nie maar ook na die sportprestasies van die inrigting waarheen hulle gaan. Ons Universiteit het die afgelope jare al baie goeie (akademies goeie) studente verloor vanweë die swak sportprestasies.

4.3.1.5 Ons moenie vergeet dat ons studente geen ander liggaamlike ontspanning as in gesonde sportbeoefening kry nie. Ons kan nie verwag dat studente van 8.00 vm. tot 6 nm. en weer van 8.00 - 11.00 nm. en later werk sonder liggaamlike oefening nie.

5. UITLEG EN INSTANDHOUDING VAN SPORTTERREINE

5.1 Die huidige voorsiening

5.1.1 Opname van bestaande sportterreine

5.1.1.1 Kaart I dui die huidige sportterreine en fasiliteite aan.

5.1.2 Onmiddellike aandag nodig aan bestaande geriewe

5.1.2.1 In tabelle LXII en LXIII word sekere verbeterings en tekortkomings aangetoon. Die aandag word egter spesiaal op die volgende gevestig :

(i) Tennisbane

(a) Daar is groot behoefte om dadelik meer tennisbane beskikbaar te kry. Daarom word aanbeveel dat daar onmiddellik 6 tennisbane aangebou word op die aangewese plek langs die gebou vir L.O. (Kyk kaart II, nr. 12).

HUIDIGE SPORTVELDE



SKAAL: 1/5000

TABEL LXII

TOESTAND VAN SPORTVELDE

	RUGBY	ATLETIEK	SOKKER	TENNIS	DAMES-HOKKIE	MANS-HOKKIE	KORFBAL	JUKSKEI	KRIEKET
Aantal	3	1	1	7	1	1	2	4	1
Tekortkomings	-	Baan vir veld-items	-	10	-	-	-	-	-
Toestand	Swak	Redelik	Goed	Goed	Goed	Goed	Goed	Goed	Redelik
Verbeterings aanbeveel	600 lb. Superfosfaat per morg in Sept. 400 lb. $(NH_4)_2SO_4$ per morg elke 4 weke. Roleg oor veld om grond los te maak en lug in te bring. Dun bogrondlaag van sanderige grond op A en B veld. Gereeld met water besprinkel. Kaal kolle met gras beplant. Bossies moet uitgehaal word. Die veld moet elke week gesny word.	Dieselfde behandeling as vir rugbyvelde. Die quie-quie gras moet uit atletiekbaan verwyder word.	Dieselfde behandeling as vir rugbyvelde.	Is die beligting voldoende? Watervoor moet verlê word. Tien nuwe tennisbane moet langs L.O. aangelê word.	Draad tussen veld en korfbalbane om balle te keer.	Klippe op veld moet verwyder word. Die sink wat balle keer moet omgebuig word, dis gevaarlik. Doelpale is nie volgens standaard nie.	Die nette om die ringe moet in somerseisoen verwyder word.	Bane moet opgeknap word.	Grond voor nette moe gereeld gerol word. Dreineringsloot lan nette moet toegemaa word. Rooster oor sloot moe gelig word. Kolfblad moet twee ke per week natgemaak e gesny word. Draadheining moet om die noord-, oos- en wesgrens gespan word om balle te keer.
Kleedgeriewe	Geen warmwater nie. Geen lig in kleedkamers nie. Te min kleedkamers.	Gebruik dieselfde as rugby.	Geen	Tennishuis moet gereeld skoongemaak word.	-	Geen en voorsiening moet gemaak word	--	--	Die swembad se klee kamers word gebrui Gedurende dameswem is dit ongerieflik
Pawiljoen	Voldoende	Voldoende	Geen. Bankies kan aangebring word.	--	Geen. Bankies kan aangebring word.	Geen. Bankies kan aangebring word.	Geen. Bankies kan aangebring word.		Geen. Bankies kan aangebring word.

TABEL LXIII

TOESTAND VAN SPORTSALE

	SWEM	GIMNASTIEK	SKERM	PLUIMBAL	STOEI	TAFELTENNIS	JUDO	KARATE
Aantal	1 Swembad	1 Saal	Die Gimnastiek-saal word Maandag- en Donderdagaande 7-8 gebruik	Die Gimnasieksaal word Woensdag- en Vrydagaande 7-10 gebruik asook Saterdagmiddae.	Die Bantoetale-sinkgebou word gebruik.	Totiussaal word gebruik.	Bantoetale-gebou word gebruik.	Die Gimnastieksaal word Maandagaande vanaf 7 uur gebruik en Woensdagmiddae vanaf 4 uur asook Saterdae.
Tekortkomings	Waterpolobaan is te kort. Te min oefentye vir Klub-lede. Bad nie Olimpiese standaard nie.	Die saal word ook vir pluimbal, skerm en karate gebruik. Te min tyd vir Klub-oefeninge.	Te min oefentye	Te min oefentye	Te klein	Die saal word ook vir vergaderings gebruik. Dus nie permanent nie. Be-ligting swak en vloer te glad.	Te klein	Te min oefentye
Aanbevelings	Die swemklub moet saans die swembad vir oefeninge gebruik. Waterpolo moet oor die lengte van die veld gespeel word.	Ander sale vir skerm, pluimbal en karate moet gevind word. Nog 'n gimnastieksaal bou.	'n Ander saal moet gevind word.	'n Ander saal moet gevind word.	'n Ander saal moet gevind word. Wat van die ou Hoofgebousaal?	Elke koshuis ont-vangsaal moet vir tafeltennis gebruik word.	'n Ander saal moet gevind word.	'n Ander saal moet gevind word.

Hierdie terrein sal nie in gedrang kom met die regmaak van die groot terrein nie.

(b) Die verskuiwing van die watervoor tussen die bestaande tennisbane is ook noodsaaklik.

(ii) Atletiek

Dit word aanbeveel dat afrigting en oefening van spies- en diskusgooi en gewigstoot op die Oude Molen-terrein moet plaasvind aangesien dit gevaarlik is om dit op die huidige beperkte terrein te laat plaasvind.

(iii) Manshokkie

'n Tydelike kleedkamer van gesplete pale op die bestaande fondament word aanbeveel.

(iv) Krieket

'n Tydelike sifdraadheining aan die suide-, ooste- en noordekant van die krieketveld is noodsaaklik.

(v) Gimnastiek en binnenshuise spele

Die bou van 'n tweede saal op die aangewese plek by die L.O.-gebou is noodsaaklik om beter voorsiening te maak vir binnenshuise spele (kyk kaart II, nr. 11A).

(vi) Verskuifbare pawiljoentjies sal 'n groot aanwins wees by die hokkievelde vir dames en mans en by die sokkerveld.

(vii) Rugby en atletiek

(a) Ligte in die kleedkamers by die huidige pawiljoen is wenslik (dit sal ook die kragpunt vir 'n luidspreker voorsien).

(b) Voorsiening vir warm water by die stortbaddens sal welkom wees.

(viii) Algemeen

'n Poging kan aangewend word om finansiële steun vir sommige van hierdie projekte by wyse van skenkings te verkry.

5.2 Beplanning vir die toekoms

5.2.1 Voorgestelde plan van sportgronde

(a) Na grondige oorweging van verskillende moontlikhede word voorgestel dat alle sport van die Universiteit gekonsentreer word op die Oude Molen-terrein soos hieronder uiteengesit.

(b) Indien die uitvoering geskied soos gevisualiseer sal dit ongetwyfeld die mooiste terrein in die land wees.

(c) Aangesien die terrein self nie voorsiening maak vir genoegsame uitbreiding nie, word baie sterk aanbeveel dat beskikbare aangrensende terrein deur die Universiteit onverwyld aangekoop word (kyk kaart II, nr. 19).

(d) Die terrein moet verdeel word in kampusse, geskei deur strate en geskikte boom- en struiklane, en langs die rivier (wat in sy oorspronklike bedding gekeer moet word) moet 'n laan wilgerbome aangeplant word.

(e) Die terrein moet met 'n hoë doringdraad omhein word.

(f) Daar moet gesorg word vir parkeringsterreine.

(g) Die terrein sal voorsiening maak vir die volgende sportsoorte :

Rugby	Tennis
Atletiek	Korfbal
Krieket	L.O. sportsoorte
Swem en waterpolo	Rolbal
Hokkie	Jukskei
Sokker	Binnenshuise spele.

5.3 Die ligging van die sportvelde

Kaart II toon die voorgestelde ligging van die verskillende sportvelde en -fasiliteite.

5.3.1 Die klubhuis en pawiljoen vorm organisatories die hart van die hele sportterrein. Dit staan reg oos van die huidige piekniek-kampus, met sy westekant half onder die bome in. Die klubhuis moet voorsiening maak vir die volgende :

(i) 'n pawiljoen vir 3000 - 4000 toeskouers,

(ii) kleed- en waskamers (met stortbaddens),

(iii) 'n kombuis, verversingslokaal en 'n klubkamer (ook vir die gebruik by opelugfunksies onder die bome),

(iv) 'n baie groot saal vir binnenshuise sportsoorte en terselfdertyd 'n onthaalsaal,

(v) aan die westekant voor die gebou 'n groot veranda, o.a. vir bediening,

(vi) 'n groot apparaatkamer,

(vii) 'n lokaal vir muurbal,

(viii) 'n administrasiekantoor.

OPMERKING

Hierdie pawiljoen met onthaalterrein kan by gradeplegtighede gebruik word.

„OUDE MOLEN" VOORGESTELDE LIGGING VAN SPORTVELDE

SKAAL : 1/2,500



-SLEUTEL-

1. Klubhuis en pawiljoen
2. Hoof-rugbyveld
3. Atletiekbaan
4. 5. 6. Rugby-oefenvelde
7. Korfbalvelde
8. Krieketveld
9. L.O.-oefenveld en sokker
10. Swembad
11. 11A. L.O. Sale
12. 13. Tennisbane
14. 15. 16. Hokkievelde
17. Jukskeibane
18. Rolskaibaan
19. Toekomstige uitbreiding

5.3.2 Die hoofrugbyveld (2).

5.3.3 Die atletiekbaan (3). (Gedurende die oorgangstydperke in Maart en September sal atletiek die voorkeur kry.)

5.3.4 Oefenvelde vir rugby (4, 5, 6).

5.3.5 Vier korfbalvelde (7).

5.3.6 Krieketveld (8).

5.3.7 L.O.-oefenveld en sokker (9).

5.3.8 Swembad (10). Dit word aanbeveel dat die huidige swembad met verloop van tyd uitgebrei word om te voldoen aan olimpiese standaarde.

5.3.9 L.O.-sale (11).

5.3.10 Tennisbane (12,13).

5.3.11 Hokkievelde (14, 15, 16).

5.3.12 Jukskeibane (17).

5.3.13 Rolbalbaan (18).

5.3.14 Toekomstige uitbreiding (19).

5.3.15 OPMERKINGS

(1) Vir die tennisbane word die kleedkamers van L.O. ter beskikking gestel.

(2) 'n Tennishuis en 'n tennismuur kan op 'n geskikte plek langs die bane aangebring word.

(3) Vir sportvelde weg van die pawiljoen af kan oop verskuifbare pawiljoentjies aangebring word.

(4) Die sportvelde word geskei deur die strate en lane, sodat elke sportsoort sy eie kampus met eie atmosfeer het.

5.4 Beraamde koste

5.4.1 Die koste van noodsaaklike dreinering, gelykmaak, opvulling met bogrond, aanleg van velde en strate, beplanting (gras, bome en struike) en klubhuis en pawiljoen word ruweg bereken op R600,000. (Hierteenoor moet 'n evaluasie gemaak word van die waarde van die huidige sportterreine vir boudoeleindes.)

5.4.2 Dit word aanbeveel dat 'n lening aangegaan word om die hele projek uit te voer.

5.4.3 Een of meer sakeondernemings kan genader word om die hele projek te borg en groot skenkings te gee.

5.5 Uitvoering van voorgestelde plan

5.5.1 Dit word aanbeveel dat die projek in sy geheel en binne die kortste tyd voltooi word. Dit moet in aanmerking geneem word

(a) dat sommige sportvelde wat reeds op die terrein is, ontruim sal moet word en

(b) dat die terrein in sy geheel eers gedreineer en gelykgemaak sal moet word, sodat gedeeltelike besetting onmoontlik sal wees.

5.5.2 Die projek sluit hoofsaaklik die volgende in :

(1) raadpleging van 'n ingenieur,

(2) kontrak vir dreinering en gelykmaak,

(3) opvulling met goeie bogrond,

(4) uitleg en aanleg van velde volgens plan,

(5) beplanting,

(6) aanleg van strate en parkeerterrein,

(7) bou van klubhuis en pawiljoen.

6. INSTANDHOUDING VAN SPORTVELDE

6.1 Die huidige toestand

Die huidige toestand van die bestaande sportvelde en -sale, soos vervat in tabelle LXII en LXIII is oor die algemeen beslis onbevredigend : die werk word sporadies gedoen en niemand is spesifiek vir die sportvelde verantwoordelik nie.

6.2 Aanbevelings vir die toekoms

6.2.1 'n Bekwame blanke opsigter met kennis van sportvelde en die instandhouding daarvan moet die verantwoordelikheid van die hele sportkompleks (insluitende swembad en tennisbane) aanvaar.

6.2.2 Die opsigter moet bygestaan word deur 'n span werkers onder sy toesig.

6.2.3 Die kantoor van hierdie opsigter is in die klubhuis.

6.2.4 Die nodige installasies en implemente vir instandhouding moet ter beskikking van die opsigter en sy werkers wees.

7. AANBEVELINGS

7.1 T.a.v. die sportbeheer

7.1.1 Aanbeveel word dat die toestand t.a.v. die algemene beheer oor sport basies dieselfde moet bly as wat dit tans is. Die inisiatief en leiding moet nie uit die

hande van die studente geneem word nie. Dit word egter as noodsaaklik beskou dat personeellede, volgens aanleg en belangstelling, betrek word by die sportklubs en verkieslik in die besture daarvan.

7.1.2 Die beheer oor die sportfinansies, -vervoer, -reise en -korrespondensie ressorteer onder die Sportinstituut.

7.1.3 Die Sportdirekteur is ex officio lid van al die sportbesture (insluitende die S.S.B.) om 'n oorsig van al die sportaktiwiteite te verkry en te behou en om leiding te gee.

7.1.4 Die Sportdirekteur moet t.o.v. afrigting noue voeling handhaaf met die Departement Liggaamlike Opvoedkunde.

7.1.5 Die Raad beheer deur die Sportdirekteur die terreine, nie alleen ter wille van die behoorlike instandhouding nie maar ook oor die gebruik daarvan. Daar word dikwels deur buitestanders om die gebruik van die sportterreine gevra, wat deur klubs willekeurig toegestaan of geweier word. Dit kan, by onoordeelkundige uitleen, die terreine baie laat verniel; by weiering die Universiteit skade berokken. Dit sal dus goed wees as die Sportdirekteur in beginsel aanvaar dat die studente as voorreg het die eerste aanspraak vir eie gebruik, maar hy kan in oorleg met die betrokke besture die terreine in belang van die Universiteit - deur die reklamewaarde wat so 'n welwillendheidsgebaar het, en die vriendskaplikheid jeens die Universiteit wat daardeur gevorm word - aan buitestaanders beskikbaar stel.

7.1.6 Die klubbesture het egter die beheer oor die speelapparaat, onder medetoesig van die S.S.B. en die Sportdirekteur.

7.1.7 Die Sportdirekteur staan aan die hoof van die Sportinstituut, wat beheer word deur 'n Sportkomitee deur die Rektor benoem.

7.2 T.a.v. die organisasie

7.2.1 Ook hier word aanbeveel dat die bestaande toestand basies dieselfde bly. Die inisiatief moet die studente nie ontneem word nie, ook nie die geleentheid om hierdie organisatoriese werk te onderneem nie.

7.2.2 Die Sportdirekteur behoort hom in die besonder te beywer om die studente tot sportbeoefening en -ondersteuning aan te moedig en om 'n oog in die seil te hou vir goeie spelers wat hier verdwyn.

7.3 T.a.v. afrigting

7.3.1 Dit is gebiedend noodsaaklik dat by die opstel van die rooster behoorlik met die plek van sport en deeglike afrigting rekening gehou word. Twee uur vir ontspanning uit 'n werkdag van 8vm. tot 11nm. en later is nie buite verhouding nie. Bowendien is die swak prestasies van ons spelers in 'n belangrike mate hieraan te wyte. Die afrigters kry eintlik net Woensdag volle spanne op die oefenterreine. Dit word onmoontlik om die beste spanne te kies en behoorlik af te rig.

Op Maandae moet alle klasse, insluitende praktika, derhalwe voortaan om 4.30 nm. afsluit en pogings moet met die rooster in die werk gestel word om te probeer om elke middag om 4 nm. die klasse af te sluit.

7.3.2 Hoewel die komitee huiwer om dit te sê, het professionele of semiprofessionele afrigting by sommige sportsoorte - veral tennis en krieket - al amper noodsaak geword as verwag word dat ons spanne met ander op min of meer gelyke voet moet meeding. Dit word aanbeveel dat die inisiatief ook hier in die hande van die sportbesture gelaat word, maar hier, miskien meer as op enige ander vlak in hierdie verband, moet die Sportdirekteur behulpsaam wees om, veral met goeie advies en tussengang, die beste afrigters - by voorkeur uit die personeel maar ook van elders - te bekom.

7.3.3 Dit kan n goeie doel dien as ons Rektor die personeel se aandag op die belangrike en dankbare taak van afrigting vestig. Dit gaan nie net om die studente en hulle sport nie, maar dit gaan uiteindelik ook om die naam van en reklame vir ons Universiteit.

7.4 <u>T.a.v. die uitleg en instandhouding van sportgronde</u>

7.4.1 Daar behoort onmiddellik 6 tennisbane op die voorgestelde plek (kyk kaart II) aangebou te word.

7.4.2 Die watervoor tussen die bestaande tennisbane behoort verskuif te word.

7.4.3 Afrigting en oefening van spies- en diskusgooi en gewigstoot moet op die Oude Molen-terrein plaasvind.

7.4.4 n Tydelike kleedkamer behoort vir manshokkie op die bestaande fondament opgerig te word.

7.4.5 n Tydelike sifdraadheining behoort aan die suide-, ooste- en noordekant van die krieketveld opgerig te word.

7.4.6 n Tweede saal behoort op die aangewese plek (kaart II) opgerig te word vir binnenshuise spele.

7.4.7 Verskuifbare pawiljoentjies behoort by die hokkie- en sokkervelde beskikbaar gestel te word.

7.4.8 Ligte behoort in die kleedkamers by die huidige pawiljoen aangebring te word.

7.4.9 Warmwaterstortbaddens behoort voorsien te word.

7.4.10 Die konsentrasie van sportgeriewe op die Oude Molenterrein behoort so gou doenlik te geskied en wel in die lig van die aanbevelings wat vroeër breedvoerig uiteengesit is.

7.4.11 Dit word baie sterk aanbeveel dat beskikbare terrein, grensend aan die Oude Molen-gebied, onverwyld aangekoop word.

7.4.12 'n Bekwame blanke opsigter, met toereikende personeel, behoort benoem te word vir instandhouding van die hele sportkompleks.

7.5 T.a.v. die plek van sport

7.5.1 Dit is noodsaaklik dat die plek van sport in ons opvoedingsprogram, wat gerig is op die ewewigtige vorming van die mens van God, onteenseglik erken word en dat by die opstel van die toets- en klasrooster voldoende voorsiening vir deelname aan sport gemaak word (kyk ook par. 7.3.1. hierbo).